higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1350**(A)**(N21)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010024)

21 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik ’n SWART of BLOU pen.
5. Laat ten minste DRIE reëls oop ná elke vraag.
6. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Nasionale Raad van Provinsies verseker dat provinsies op nasionale vlak in ag geneem word.

1.2 ’n Persoon kan Suid-Afrikaanse burgerskap verloor as hulle burgerskap van ’n ander land aanvaar.

1.3 Die funksies van die Parlement word deur die beginsels van die Grondwet gerig.

1.4 Die Suid-Afrikaanse regering moet internasionale liggame se beleid navolg omdat dit standaarde in sekere velde stel.

1.5 Die regering van ’n demokratiese staat is nie aanspreeklik vir die mense wat vir hulle gestem het nie.

1.6 Volgens die oppergesag-van-die-reg-beginsel is die regstelsel die hoogste gesag in ons land.

1.7 Die premier is een van die spesiale afgevaardigdes van die Nasionale Raad van Provinsies.

1.8 Die hooggeregshof is die hoogste hof van appèl in alle aangeleenthede behalwe grondwetlike kwessies.

1.9 ’n Privaat eienaar is gewoonlik die hoofaandeelhouer en beskermer van ’n staatsonderneming.

1.10 Die kennisgewingsfunksie is ’n hulpfunksie wat te doen het met besluitneming en die uitvoer van vergaderings.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Kies ’n item/woord uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Beginsel van demokrasie	A	onpersoonlike en persoonlike funksies
2.2	Liggaam van mense en instellings wat wette maak en uitvoer	B	orde- en welsynsfunksies
2.3	Afgekorte name van alle politieke partye	C	burgemeester
2.4	Rekenpligtige amptenaar van die munisipaliteit	D	stembrief
2.5	Gewoontereg	E	munisipale bestuurder
2.6	Administrasiehoof van ’n staatsdepartement	F	staat
2.7	Permanente bevolking	G	direkteur-generaal
2.8	Eerste burger van ’n dorp of stad	H	regering
2.9	Instrumentele funksie	I	parlement
2.10	Wetgewende owerheid op nasionale vlak	J	tradisionele owerhede

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Advokaat Busisiwe Joyce Mkhwebane is op 15 Oktober 2016 deur die Staatspresident as die nuwe openbare beskermer aangestel. Die openbare beskermer is onderworpe aan die Grondwet en die reg en is onafhanklik van die regering en enige politieke party.

3.1 3.1.1 Verduidelik kortliks waarom dit belangrik is om ’n openbare beskermer vir ons land aan te stel. (6)

3.1.2 Die Staatspresident speel ’n baie belangrike rol in ons land.

Behalwe die aanstelling van die openbare beskermer, verduidelik die Staatspresident se rol in die regering. (12)

3.2 Suid-Afrika is ’n konstitusionele demokrasie. Die Grondwet speel ’n prominente rol in die lewens van alle Suid-Afrikaners. Alle regeringsinstellings en elke Suid-Afrikaner moet die Grondwet navolg.

3.2.1 Definieer die term *konstitusionele demokrasie*. (2)

3.2.2 Verduidelik waarom die Grondwet ’n belangrike rol vir alle Suid-Afrikaners speel. (12)

3.2.3 Volgens die Grondwet, moet die geregshowe regsprekende gesag uitoefen.

Verduidelik die term *regsprekende gesag*. (2)

3.2.4 Die konstitusionele hof is een van die geregshowe van Suid-Afrika.

Verduidelik hoe die konstitusionele hof sy regsprekende gesag vervul. (6)

[40]

VRAAG 4

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Parlementslede word verkies om mense te verteenwoordig. Parlementslede is in 'n magtige posisie om hoëvlakbesluitnemings te beïnvloed. Die Parlement moet verteenwoordigend van alle groepe in Suid-Afrika wees. Dit beteken dat alle groepe 'n persoon moet hê wat hul belange verteenwoordig omdat die besluite wat geneem word die lewens van alle Suid-Afrikaners beïnvloed.

4.1 4.1.1 Op watter regeringsvlak is die Parlement? (2)

4.1.2 Ministers is lede van die Parlement. Beskryf hoe ministers hul rol as parlementslede vervul. (4)

4.1.3 Noem DRIE ander hoofgroeperings van ministeriële funksies. (3)

4.1.4 Parlementslede kan gediskwalifiseer word as hulle nie aan sekere vereistes voldoen nie.

Noem VYF soorte diskwalifikasies vir parlementslede. (10)

4.1.5 Parlementslede word verkies om mense te verteenwoordig. Die mense moet kwalifiseer om te kan stem in algemene verkiesings.

Verduidelik hoe mense in Suid-Afrika kan kwalifiseer om te stem. (5)

4.1.6 Parlementslede beïnvloed hoëvlakbesluite.

Identifiseer SES ander rolspelers wat 'n belangrike rol in die besluitnemingsproses van die land speel. (6)

4.2 Die Grondwet erken die instelling, status en rol van tradisionele leiers. Daarom is die regering toegewy aan die versterking van tradisionele leierskap.

4.2.1 Die Grondwet maak voorsiening vir die stigting van 'n Raad van Tradisionele Leiers.

Verduidelik die samestelling van die Raad van Tradisionele Leiers. (4)

4.2.2 Beskryf hoe die Raad van Tradisionele Leiers toesien dat die regering tradisionele leierskap erken en versterk. (6)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

Die 2016 Suid-Afrikaanse munisipale verkiesings is op 3 Augustus 2016 gehou om rade vir alle distriks-, plaaslike en metropolitaanse munisipaliteite te verkies. Munisipale verkiesings is apart van die algemene verkiesings. Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) administreer, organiseer, hou toesig oor en voer alle verkiesings uit.

5.1 5.1.1 Waarom dink jy is dit belangrik om munisipaliteite in te sluit by die regering van Suid-Afrika? (10)

5.1.2 Identifiseer DRIE soorte verkose verteenwoordigers wat deel is van die munisipale raad binne ’n munisipaliteit. (3)

5.1.3 Beskryf hoe die munisipale raad sy funksie as ’n wetgewende instelling uitvoer. (10)

5.1.4 Die OVK bestuur die verkiesings in ons land om te verseker dat dit vry en regverdig is.

Beskryf kortliks hoe die stemproses tydens algemene verkiesings by ’n stemstasie verloop. (10)

5.2 Ná afloop van algemene verkiesings word die premier vir elke provinsie verkies.

Verduidelik waarom jy dink die premiersrol so belangrik is vir elke provinsiale regering. (7)

[40]

VRAAG 6

Lees die woorde van die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

Publieke administrasie is ’n kenmerkende spesifieke aktiwiteit. Hierdie soort aktiwiteit vind plaas wanneer mense saamleef, leiers gekies en die lewenswyse georden en bestuur word. Leiers gebruik reëls en regulasies om die samelewing te bestuur. Publieke administrasie sien toe dat behoorlike reëls en regulasies vir die samelewing opgestel word.

6.1 6.1.1 Publieke administrasie behels die uitvoer van SES algemene administratiewe prosesse.

Identifiseer die SES prosesse wat ’n belangrike rol in alle regeringsinstellings speel.

Kopiereg voorbehou

6.1.2 Openbare beamptes en staatsamptenare speel ’n baie belangrike rol in publieke administrasie deur die demokratiese beginsels en waardes vervat in die Grondwet na te volg.

Verduidelik waarom dit belangrik is dat openbare beamptes en staatsamptenare hierdie beginsels navolg.

6.1.3 Beskryf waarom ’n familie as die beginpunt van publieke administrasie beskou word.

(3 × 6) (18)

6.2 Wette wat deur ’n provinsiale wetgewer ingestel word, is slegs van toepassing op daardie spesifieke provinsie. Die Grondwet stel dat geen provinsiale wet die belange van ’n ander provinsie of die land mag benadeel nie.

6.2.1 Verduidelik die samestelling van die provinsiale wetgewer.

6.2.2 Provinsiale wetgewers stel wette in wat te doen het met verskeie aangeleenthede onder beheer van die provinsiale administrasie.

Identifiseer AGT van hierdie aangeleenthede.

(2 × 8) (16)

6.3 Verduidelik wat jy onder die volgende terme verstaan:

6.3.1 Tussentydse grondwet

6.3.2 Nasionale Vergadering

6.3.3 Wetsontwerp

(3 × 2) (6)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou